

## Sondag 27 Januarie

**Skrifgedeelte: Psalm 139:13-16**

**Fokusgedeelte: Psalm 139:14**

### **Gód ken jou vóór enige mens jou ken!**

Gelooflik (om verseker nie te sê *ongelooflik* nie, want dit is nié ongelooflik nie – dit is net maar gelooflik) hoe kunstig-keurig Dawid en u en ek gemaak is! Ons staan saam met Dawid in Psalm 139 verbyster oor die mens as unieke maaksel van God: 'n verstommende skeppingswonder wat aan die lig getree het uit die wonderlike maakwerk van die lewende God.

Psalm 139 is 'n loflied in verdigte Dawidstaal op die wonder van die mens se word en wees: van my vrugbegin, van die eerste oomblik ná konsepsie – en lank vóór dit al – ken die Here my. In my selle sit die fyn werk van goddelike kunsborduursel (vs 15). Dawid besef: hy is nie sommer maar net nie.

Besef jy jy is nie sommer maar net nie, nie maar net deur die sameloop van omstandighede in die sisteem van die natuur voortgebring nie? Van jou is gewet voor jy en jou ouers van jou gewet het. Jy is ontwerp, jy met jou eie uniekheid. Daar was nog net een *jy*, en daar sal nooit nog 'n *jy* wees nie.

En verder: Die Verbondsgod het my nie net beplan, geweef en klaargekry nie, maar Hy verbind Homself steeds in lewende verbondsgemeenskap aan my. Al my dae, in my sondegebrokenheid, verloop deur my nuutwees in Christus steeds onder die beskikkende wil van God. Al my dae is in sy boekrol van goddelike besluite ten beste opgeskryf. Ek bly vir ewig sy misterie-mooi maaksel!

Ongelooflik? Nee, net maar gelooflik, gelooflik wonderlik ontsagwekkend. Laat ons, die kerk, dit verwoord in loflied op loflied, woord op woord, daad op daad – en dit sonder maat!

*Sing: Psalm 139-1:6, 8, 9*

*Dr. JP Bingle (Johannes) (Emeritus)*